

Die finansiële werklikheid van ouerskap

Fiona, 'n personeellid en kliënt van Liberty vertel haar verhaal van moederwording. Sy praat oor die planne wat sy gemaak het en hoe sy beseft het dat, ongeag van hoe deeglik jy beplan, jy steeds deur onvoorsiene omstandighede gekonfronteer kan word.

Toe ons ontdek ons gaan 'n tweeling hê, het ek planne gemaak om nog onbetaalde verlof bykomend tot my kraamverlof te neem. Ons het begroot vir 'n nagverpleegster en vir die koop van 'n groter voertuig. Ons het gemeen ons het alles haarfyn beplan.

Die onvoorsiene hospitaalrekening

Op 35 weke het ons egter agtergekom dat een van die tweeling dood is en ek moes 'n nood-keisersnee ondergaan. Die oorlewende baba is na die Intensiewe Sorgeenheid oorgeplaas en omdat ek nie kans gesien het om tussen ander gelukkige mammas te wees nadat ek 'n kind verloor het nie, het ek verkies om in 'n private saal te wees.

Hoewel ek 'n mediese fonds gehad het, het dit nie die private saal gedek nie. Ons moes ook bykomende medikasie kry ter behandeling van die sproei, vanweë al die antibiotika. Die onvoorsiene rekening het op R9 000 te staan gekom.

Die geskenk van begrafnisdekking

As deel van my werkgewer se versekering het ek begrafnisdekking gekies toe ek by die maatskappy begin werk het. In daardie stadium het my man dit afgelag en gemeen dit is 'n onnodigheid, maar ons was so dankbaar dat ons dit uitgeneem het. Die polis het binne 24 uur uitbetaal en om vir ons seuntjie 'n ordentlike begrafnis te kon gee, was 'n welkome geskenk. Wanneer jy in 'n emosionele toestand is, is dit 'n verligting om jou nie te hoef te bekommer oor waar die geld vandaan sal kom nie. Nou wil my man, die skeptikus, bykomende begrafnisdekking uitneem om vir ons ouers voorsiening te maak.

Lewensdekking was ononderhandelbaar

As deel van my kraamverlofplan het ek die premies op my pensioen- en aftree-annuïteitsbydraes verminder, maar sedert ek terug is by die werk, is hulle weer her-ingestel. Ek het seker gemaak dat ek my lewensdekking in stand hou en nou dat ek weer werk, het sowel ek as my man ons lewensdekkingsvoordele vergroot om vir ons seun voorsiening te maak.

Opvoedingskoste begin vroeg

Terwyl ek nog swanger was met die tweeling, het ons hul name by vier skole in ons gebied opgegee. Dit het ons R2 000 gekos. By toelating sal ons tussen R3 500 en R7 000 as 'n vooruitbetaling moet betaal. Ons het met 'n opvoedingspolis vir ons seun begin en het ons families gevra om eerder tot 'n beleggingsfonds vir hom by te dra as om geskenke te koop vir sy doop.

Koste waarvoor nie begroot is nie, is 'n 'skuld-wens'

Hoewel ons 'n basiese idee gehad het van wat dit finansiëel behels om 'n kind te hê, het ons op die ou end baie meer bestee as wat ons verwag het en ons moes skuld aangaan, sowel as om die koop van 'n gesinsmotor uit te stel.

Om verlof te neem by die werk, asook die koste om 'n kind te hê, het ons 'n finansiële agterstand besorg. Ons het altesame R40 000 bestee op alles wat daarmee saamgaan om 'n baba te hê – soos 'n bababedjie, 'n stootwaentjie en ander algemene baba-artikels.

Een van die onverwagte finansiële skokke was dat ek nie my werkgewer se bydrae tot die voorsieningsfonds kon verminder nie en ek moes derhalwe die betalings gedurende my onbetaalde verlof volhou. Ek moes ook vir ons volle mediese fonds betaal, terwyl die premie intussen toegeneem het as gevolg van die nuwe afhanklike.

Toe raak ek vyf maande later onverwags weer swanger. Hoewel dit 'n wonderlike verrassing was, het dit tot die finansiële druk bygedra en moes ek vroeër terugkeer werk toe as wat die oorspronklik plan was.

Die bestuur van die finansies

Ons moes ons lewenstyl in oënskou neem, veral siende dat daar nog 'n baba op pad is. Ons konsentreer daarop om van skuld ontslae te raak en sal terselfdertyd slim moet wees met vakansie-beplanning. Eerder as om familie oorsee te gaan besoek, sal ons huise omruil met my ouers in Durban. Op hierdie manier sal ons gratis verblyf hê, asook die gebruik van hul motor. Uiteet is nou iets van die verlede en ek moet twee keer dink voordat ek iets koop. Gewoonlik plaas ek dit uiteindelik terug op die rak!

Die moeilikste deel van om nie 'n inkomste te hê nie, was die skuldgevoel-faktor. Mense het my gedurig aangeraai om dinge vir myself te doen, maar ek het gevoel dit is 'n luukse wat ons nie kan bekostig nie. Eerder as om byvoorbeeld 'n paar skoene te koop, sou ek slegs noodsaaklikhede vir die huishouding aanskaf.

By nadenke

Een van die dinge wat ek anders sou doen as ek kon, is om 'n meer bekostigbare huis met 'n laer verband-paalement en behoorlike bediendekwartiere te koop.

Ek is bly dat ek myself eerstens in my beroep en by my werk gevestig het. Ek het tyd gehad om myself te bewys, wat daartoe gelei het dat my werkgewer sonder huiwering meer buigsaam kon wees. Hulle weet dat ek my werk sal inhaal en sal doen wat ook al nodig is om die agterstallige werk gedoen te kry.

Strategieë om finansiëel op koers te bly

Hou vol met jou aftree-bydraes

Indien jy dit nie kan bekostig nie, sal jy jou aftree-spaargeld 'n hupstoot moet gee sodra jy weer begin werk. Indien jy op ouderdom 35 vir vyf jaar lank nie werk nie, sal jy 18% van jou salaris tot jou aftree-spaargeld moet bydra wanneer jy weer begin werk, ten einde met gemak te kan aftree.

Moet nooit jou aftree-spaargeld in kontant omsit nie

Hoewel dit aanloklik mag lyk om jou skuld daarmee te vereffen, moet jy onthou dat as jy op 30 jou aftreefonds in geld omsit, jy 23.4% van jou salaris sal moet spaar om gemaklik te kan aftree. Bereken eerder 'n skuld-terugbetalingsplan met behulp van jou maandelikse begroting en bonus-meevallers.

Beskerm jou verdienste

Jou maatskappy se lewensdekking is die goedkoopste manier om te verseker dat jy vir jou kinders voorsiening maak, maar waak daarteen om nie ongeskiktheids- of ernstige siektedekking as onbelangrik te beskou nie. Dit is noodsaaklik, ook vir ma's wat tuisbly. Indien jy ongeskik of kritiek siek raak, sal jou gesin

groter mediese koste hê om te dra. Jou lewensmaat sal ook moontlik aan werksure moet sny ten einde jou en die kinders beter te kan versorg.

Mediese aanvulling

Ongelukkig is Liberty se Mediese Lewensstyl-polis vanweë veranderde wetgewing rondom mediese en versekeringsvoordele vir nuwe besigheid gesluit. Bestaande kliënte behou egter steeds al hul voordele, insluitend die versekerbaarheid van toekomstige kinders.

Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inklusief, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.